

## Sondag 16 April

**Skrifgedeelte: Matteus 28:1-9 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Matteus 28:6**

### **Jesus is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek**

*Jesus se opstanding uit die dood is die sleutel tot die Christelike geloof.* Daardeur het God bevestig dat Jesus die Seun van God is (NB – Rom. 1:4). Die dood is nie die einde nie. Daar is lewe ná die dood! Ons hoef nie vir die dood bang te wees nie. Jesus leef en is saam met sy mense.

Die wagte het self *van skrik soos dooies geword*, maar die “Dooie” wat hulle moes bewaak, is deur God *uit die dood opgewek*. “Soos Hy gesê het ...” verwys na Matteus 16:21, 17:9, 23 en 20:19. Soos Markus 16:7 (anders as in Lukas en Johannes) word Jesus se beslissende verskyning in Galilea in die vooruitsig gestel (vgl. 26:32).

Aangesien die graf verseël is en bewaak word (27:66), wil die twee Marias (27:56, 61) *na die graf gaan kyk*. Verse 2-4 kom net in Matteus voor. Soos Jesus se sterwe (27:51-52), word sy opstanding deur bonatuurlike gebeure gevolg. Dit verklaar nie die opstanding nie, maar wel hoe *die klip weggerol is*, sodat die vrouens kon sien dat die graf leeg is.

Waar Markus 16:8 net van die *vrouens se vrees en swye berig*, word hier gesê dat hulle wel *bang, maar baie bly* was, en gehardloop het om die opdrag uit te voer. Hierdie gebeure word alleen hier vermeld (vgl. egter Joh. 20:14-15). Nou verskyn Jesus self aan die vrouens met dieselfde opdrag as in 5-7. Die vreugde (8) en aanbidding (9 – vgl. 14:33) van die vrouens herinner aan die begin van die Evangelie (2:10-11).

*Sing: Skrifberyming 12-2:1-3; Psalm 118:12, 14*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*